SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 20/2018

11/05/2018

ONDERSOEK DEUR REGTER

UITNODIGING OM KLAGTES TE RAPPORTEER

Hoofde van skole en sommige ander SAOU-lede het in die afgelope tyd verskeie briewe ontvang waarin daar kwaadwillige en valse bewerings met betrekking tot die SAOU en sy ampsdraers versprei word.

Die Dagbestuur het besluit om die klagtes van mnr Pashut te laat ondersoek en het Regter Willie Hartzenberg versoek om sodanige ondersoek te lei. Die oogmerk van die ondersoek is om Regter Hartzenberg se bevindinge te bekom (en moontlike aanbevelings te verkry indien daar tekortkominge is) mbt die bewerings wat deur mnr Pashut gemaak word. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal die Regter toegang kry tot alle dokumente en rekords van die breëre SAOU-Groep. Indien die Regter mondelingse getuienis oor sekere aspekte wil aanhoor, sal getuies in die verband aan hom beskikbaar gestel word. Sou die Regter tydens sy ondersoek dit nodig ag om die dienste van 'n onafhanklike ouditeur te verkry, sal die SAOU sy aanbeveling in die verband volg en 'n aanstelling bewerkstellig.

U word hiermee uitgenooi om enige klagtes mbt finansiële of ander onreëlmatighede deur te stuur na ondersoek.saou@yahoo.com.

Indien u oor enige dokumentasie beskik wat as basis vir u klagte dien, moet dit asb u e-pos vergesel. Klaers moet asb hulle ID-nommers voorsien ten einde SAOU lidmaatskap te verifieer. Elke klagte sal as vertroulik beskou word maar geen anonieme klagtes sal aanvaar word nie.

INVESTIGATION BY JUDGE

INVITATION TO REPORT COMPLAINTS

School principals and members have received numerous emails during the recent past wherein malicious and false allegations have been made against the SAOU and its officials.

The Standing Committee resolved to have the false allegations by Mr Pashut investigated by Judge Willie Hartzenberg. The aim of the investigation is to obtain the findings by the Judge (including recommendations in regard to possible issues that must be addressed) in connection with the allegations by Mr Pashut. The Judge will have access to all documents and records of the broader SAOU Group. In the event that the Judge would require oral testimony, the relevant persons would be made available. Should the Judge require the services of an independent auditor, the SAOU would assist with such appointment.

Members are herewith invited to submit any possible complaints in connection with financial or other irregularities to ondersoek.saou@yahoo.com.

Should you be in possession of documentary proof, it should accompany your email. All complaints will be dealt with in the strictest confidentiality. ID numbers must be provided to verify SAOU membership. Anonymous complaints will not be entertained.

Your complaints must be specific to be able to identify the alleged irregularity.

All complaints/correspondence will be submitted to the Judge and he will decide in his own discretion which complaints require investigation.

Wees asb spesifiek in u klagtes sodat die beweerde onreëlmatige optrede behoorlik geïdentifiseer kan word. Alle klagtes/korrespondensie wat ontvang word sal aan die Regter geopenbaar word en sal hy in sy eie diskresie besluit welke klagtes verdere ondersoek behoef. Klagtes wat intern opgelos kan word sal die onmiddellike aandag van die Dagbestuur van die SAOU geniet. Die doel van hierdie ondersoek deur sy Edele Regter Willie Hartzenberg is om vir eens en vir altyd die hardnekkige gerugte van onreëlmatighede binne die breëre SAOU-Groep die nek in te slaan. U word dus hiermee die geleentheid gebied om tot en met Vrydag, 25 Mei 2018 om 16:00 om u klagtes na voormelde e-pos adres te stuur. Hierdie proses sal deursigtig, met integriteit en verantwoordelikheid bestuur word in die belang van SAOU-lede. Die Dagbestuur versoek dat lede hulle volle samewerking aan hierdie ondersoek verleen.	The Standing Committee will address complaints that can be dealt with internally immediately. The aim of the investigation by the Honourable Judge Willie Hartzenberg is to address the many rumours and allegations once and for all. You are herewith invited to submit complaints to the above email address. The period for submission will terminate on Friday, 25 May 2018 at 16:00. This process will be managed with the utmost integrity and responsibility in the interest of all SAOU members. The Standing Committee requests members to provide their full support to this investigation.